

# Sondag 25 Julie

Skrifgedeelte: Hooglied 5:9 – 6:3

Fokusgedeelte: Hooglied 5:9

## Die een en enige Bruidegom ...

'n Minnesang by uitnemendheid, met komplimenterende én komplementerende woord en weerwoord. Dit is die lied der liedere, genoem die Hooglied van Salomo.

Wie is die Bruidegom? Salomo, wie se naam *vrede* boodskap, alhoewel hy nie noodwendig die skrywer van die boek is nie. Die derde koning van Israel, wat regeer tydens die goue eeu van die Dawidiese koninkryk, is opsigtelik die liefhebbende bruidegom in hierdie beeldryke poësie. Hy besing sy bruid in die pragtigste liriese taal.

En sy antwoord hom in dieselfde liefdestaal waaruit haar liefde vir hom straal en weerklink. Sy soek intens na hom en smee die vroue van Jerusalem om vir hom te sê dat haar liefde vir hom haar verteer (5:8). Die vroue wil dan weet of hy anders en meer is as 'n ander man? Uit haar antwoord aan die vroue is dit duidelik dat hy enig en enigsoortig is: 'n edele koning wat nie deur enige ander minnaar geëwenaar word nie. Sy besing Salomo se besondere voorkoms as edele, koninklike bruidegom, een en enig (5:10-16).

Hooglied word nêrens in die Nuwe Testament direk aangehaal nie. Tog is daar, naas die letterlike verstaansvlak van die boek, ook vanuit die metafoor van die liefdevolle huweliksange daarin 'n tipologiese verstaansvlak wat oopgaan wanneer ons in die Nuwe Testament ook lees van 'n hemelse Bruidegom en sy bruid (vgl. onder meer 2 Kor. 11:2 en 3; Ef. 5:30-31). Die kerk is die bruid van Jesus Christus, die Lam wie se bruilof aangebreek het met sy vrou wat haar gereed gemaak het (Op. 19:7; 21:2, 9b). Jesus Christus, die eniggebore Seun van die een-enige God, is haar een en enige Bruidegom!

*Sing: Psalm 45-1:1, 2, 5, 6*

*Dr. JP Bingle (Johannes) (Emeritus)*